

ABRAHAM ASSEGAAI

EERSTE APPELLANT

WILLIAM GALANE

TWEEDE APPELLANT

EN

DIE STAAT

RESPONDENT

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

ABRAHAM ASSEGAAT

EERSTE APPELLANT

WILLIAM GALANE

TWEEDE APPELLANT

en

DIE STAAT

RESPONDENT

CORAM: TRENGOVE, CILLIÉ et VAN HEERDEN ARR

VERHOOR: 3 Mei 1984

GELEWER: 22 Mei 1984

UITSpraak

TRENGOVE, AR

Die/

Die appellante is op 30 Mei 1983, in die Noord-Kaapse Afdeling, deur regter Basson en twee assessore skuldig bevind aan moord sonder versagtende omstandighede en aan verkragting. Die verhoorhof het bevind dat die appellante gedurende die aand van Saterdag, 21 Augustus 1982, in 'n huis in Vergenoeg, 'n woongebied in die omgewing van Kimberley, 'n elf-jarige dogter, Patricia Manyamane (die oorledene), verkrag en vermoor het. Hulle is op beide aanklagte ter dood veroordeel. Die appellante kom tans met verloop van hierdie hof - verleen kragtens die bepalinge van artikel 316(8)(c)(ii) van die Strafproseswet, 1977 - in hoër beroep.

Eerste/

Eerste appellant appelleer teen die skuldigbevinding en die vonnis op beide die moordklag en die aanklag van verkragting. Tweede appellant kom ook teen die skuldigbevinding en die vonnis op die moordklag in hoër beroep, maar wat die aanklag van verkragting betref, is sy appèl slegs teen die vonnis gerig. Die rede hiervoor is dat hy reeds met die aanvang van die verhoor op hierdie aanklag skuldig gepleit het.

Die agtergrond van die aanklagte teen die appellante is kortom soos volg. Die oorledene het destyds saam met haar ouers in Ndayistraat, Vergenoeg, gewoon. Op die betrokke Saterdag, teen ongeveer 16h30, het die oorledene se moeder haar gestuur om suiker te gaan koop by 'n winkelkompleks

geleë/

geleë in Gwelestraat. Dit was 'n hele entjie van hulle huis af maar die oorledene het reeds dikwels vantevore soortgelyke inkopies daar gaan doen. Toe die oorledene teen 18h00 nog nie by die huis terug is nie, het haar moeder baie ongerus geraak. Sy het haar man na die winkels gestuur om te gaan vasstel wat van die oorledene geword het. Hy kon haar egter nie opspoor nie. Hulle het die polisie toe in kennis gestel dat sy vermis word. Laat die volgende middag (d i Sondagmiddag) het ene Betta Pos, 'n staatsgetuie, heel toevallig op die oorledene se lyk afgekom. Betta Pos en tweede appellant het in daardie stadium saamgewoon in 'n huis in Gwelestraat. Toe sy dié Sondagmiddag onder een van die beddens in

hulle/

hulle slaapkamer na haar skoene seek, het sy, tot haar ontsteltenis, die oorledene se lyk daar aangetref. Die polisie is dadelik ontbied en die oorledene se lyk is na die dodehuis verwyder. Binne 'n dag of wat daarna is albei appellante in verband met die voorval in hegtenis geneem. By die na-doodse ondersoek het die distriksgeneesheer gevind dat die oorledene se broekie styf in haar mond ingeprop was en dat haar tong teen die sagte verhemelte en die agterkant van haar keel vasgedruk was. Volgens die distriksgeneesheer het die oorledene as gevolg van hierdie obstruksie aan versmoring gesterf. Dit het verder ook uit die ondersoek geblyk dat daar 'n

kneusing/

kneusing van die vagina, met klein bloedingkies,
was. Op grond hiervan was the distriksgeneesheer
van mening dat die oorledene waarskynlik voor haar
dood verkrag was.

Ek kom vervolgens by die appèl van
eerste appellant. Hy het by die verhoor op albei
aanklagte onskuldig gepleit en ontken dat hy hoer-
genaamd by die dood of verkragting van die oorledene
betrokke was. Die verhoorhof se bevinding teen
eerste appellant is, in hoofsaak, gegrond op 'n
bekentenis wat hy die dag na sy arrestasie aan
landdros Koekemoer van Kimberley gemaak het. Dit

lui/

lui soos volg:

"Die Saterdaggaand het ek by my vriend se huis gesit, William Galane se huis. Ons het gesit en drink. Wat ons klaar gesit en drink het sê ek, ek gaan nou loop en die 3 meisiekinders halfpad vat. Na ek die 3 meisiekinders klaar gevat het kom ek weer terug, moet ek so terugkom kom daar 'n meisiekind van die winkels se kant af. William Galane het by hierdie hek gestaan en ek sê vir hom hier is 'n (fit) kind. Dit is 'n kind wat vet is. Hy sê vir my as sy by die hek kom moet ek haar aan die hand vang en by die huis in kom. Ons gaan saam met haar in die huis in na ek haar aan die hand geneem het. Toe sit William in die voorhuis en sê dat ek solank moet besig raak in die kamer. Ek gaan die kind op die bed op. Dit is toe die kind maal en draai-draai. Ek trek toe die kind se broek af. Ek sit toe die kind se broek in haar mond dat sy nie kon skreeu nie.

Toe/

Toe gaan ek aan met die meisie in die kamer deur op haar te klim. Toe ek klaar is sê ek vir William ek is klaar toe kom hy in die kamer in en ek gaan uit in die voorhuis. Wat hy klaar is met die meisie sê hy ons moet die meisie onder die katel indruk. Toe ons haar onder die katel indruk sien ek net die meisie se bene skop-skop so. Die broek is nog in haar mond. Ek gaan staan toe in die kombuis by die kombuisdeur. Ek sien William maak so lank in die kamer toe gaan ek huis toe.

Die Sondagoggend vra ek vir William waar is die meisiekind. Hy sê toe die meisie is nog onder die katel. Ek sê die meisie moet huis toe gaan. Hy sê hy kon nie die mense is baie binnekant die jaart. Toe begin ons (dice) speel. Na ons dice gespeel het loop ek en los hom. Ek gaan slaap by die huis. Die Sondagmiddag staan ek weer op toe gaan stryk ek my broek by my vriend se huis. William se vrymeisie kom by my vriend se huis en sy huil en sê daar is 'n kinder onder hulle se bed wat oorlede

is/

is. Die Sondagaand gaan ek werk
toe. Dit is al."

Eerste appellant het by die verhoor beswaar gemaak
teen die toelaatbaarheid van hierdie bekentenis op
grond daarvan dat dit nie vrywillig en ongedwonge
gemaak sou gewees het nie. Die verhoorregter het
toe in " 'n verhoor binne 'n verhoor" op hierdie kwessie
ingegaan. Hy het uiteindelik tot die slotsom gekom
dat die beswaar ongegrond is en dat die bekentenis
derhalwe as getuienis teen eerste appellant toelaat-
baar is.

Daar is namens eerste appellant be-
toog dat die verhoorregter in hierdie opsig ge-
fouteer het. Ek bepaal dus, eerstens, my aandag

by/

by hierdie vraag wat uiteraard vir eerste appellant van wesentlike belang is. Vanweë die bepalings van artikel 217(b)(ii) van die Strafproseswet was dit by die verhoor gemene saak dat die bewyslas op eerste appellant gerus het om volgens oorwig van waarskynlikheid aan te toon dat hy nie die bekentenis vrywillig en ongedwonge gemaak het nie. Eerste appellant het met die oog hierop getuienis afgelê en die hof vertel van die omstandighede wat tot sy bekentenis aanleiding gegee het. Hy het beweer dat die polisie by hom aangedring het om die "waarheid" in verband met die onderhawige voorval te vertel; dat hy ongeneë.

was/

was om enige verklaring af te lê; dat die polisie
hom toe aangerand en gemartel het; en dat hy uiteindelik
tog 'n verklaring aan een van die polisie beamptes,
Adjutant van Wyk, gemaak het wat hy toe die volgende
dag voor die landdros herhaal het. Hy het egter te
kenne gegee dat die bekentenis, wat sy inhoud betref,
'n volslae verdigsel is. Eerste appellant het nie
enige verdere getuienis ter staving van sy bewerings
aan die hof voorgelê nie. Die Staat het daarna
die polisiebeamptes na wie eerste appellant by name
verwys het, geroep om op sy aantygings te antwoord.
Ek ag dit nie nodig om in besonderhede op hul
getuienis in te gaan nie en verwys slegs na die

strekking/

strekking daarvan. Die polisie het eerste
appellant se aantygings dat hy aangerand of gemartel
sou gewees het voor die voet ontken. Volgens
hulle getuienis het hy die bekentenis uit eie beweging
gemaak en was daar van dwang of onbehoorlike beïnvloeding
geen sprake nie. Die polisie se getuienis
is in hierdie opsig bevestig deur landdros Koekemoer,
wat ook getuig het. Ek is besonder beïndruk deur
die moeite wat hy gedoen het om eerste appellant
ten volle van sy regte te vergewis en om vas te
stel of hy enigsins gedwing of op onbehoorlike wyse
beïnvloed was om die bekentenis te maak. Eerste
appellant het hom egter verseker dat dit nie die

geval/

geval was nie, soos uit die volgende passasie

van landdros Koekemoer se getuienis duidelik blyk:

"Ek het die verklaarder (d i eerste appellant) verder meegedeel dat hy aan my gesê het dat hy nie deur iemand aangerand, gedreig, aangemoedig, beïnvloed is en dat daar geen beloftes aan hom voorgehou is ten einde hom te oorreed om 'n verklaring te maak nie, maar ek wil hom egter nogtans vra om my in sy vertroue te neem en as daar na sy oordeel enigiets onbehoorlik gebeur het wat hom beïnvloed het om na my te kom om 'n verklaring te maak, hy dit nou aan my moet openbaar. Ek het onderneem om dit summier onder die aandag van 'n polisieoffisier te bring en om te versoek om enige bewerings van die verklaarder te laat ondersoek. Sy antwoord hierop is: 'Daar is niks nie, ek is tevrede.' "

Die verhoorregter het die getuienis van landdros

Koekemoer/

Koekemoer en die polisie aanvaar en eerste appellant

se aantygings as onwaar verwerp. Hy het hom as

" 'n volslae leuenaar" bestempel. Ek het die getuienis

in die lig van die betoog namens eerste appellant nou-

keurig nagegaan en daar is, na my oordeel, geen grond

waarop hierdie hof met die verhoorregter se gevolg-

trekking kan inmeng nie. Ek is tevrede dat eerste

appellant hom hoegenaamd nie van sy bewyslas gekwyt

het nie. Die verhoorhof was dus geregtig om die

bekentenis as getuienis teen hom in ag te neem.

Voordat ek van hierdie punt afstap, nog net 'n

enkele opmerking in verband met die prosedure

wat by "die verhoor binne die verhoor"

gevolg/

gevolg is. Dit blyk uit die oorkonde dat die
advokaat wat destyds namens tweede appellant opgetree
het, toegelaat is om aan die ondersoek na die toe-
laatbaarheid van die bekentenis deel te neem. Hy
het die getuies in verband met die bekentenis onder-
vra en hy het selfs later aan die argument oor die
toelaatbaarheid daarvan deelgeneem. Dit was
heeltemal onreëlmstig. Die verhoorregter moes dit
nooit toegelaat het nie want tweede appellant was
hoegenaamd nie betrokke by die dispuut aangaande
die toelaatbaarheid van die bekentenis nie. Dit
is egter nie nodig om verder hierop in te gaan
nie want eerste appellant was geensins deur hierdie

onreëlmstigheid/

onreëlmaticheid benadeel nie en ek laat dit dus

daar.

Soos reeds vermeld, is eerste appellant,

in hoofsaak, op grond van sy bekentenis veroordeel.

Eerste appellant se advokaat het, met verwysing na

artikel 209 van die Strafproseswet, betoog dat dit

n fout was omdat die bekentenis, na bewering, nie

in enige wesentlike opsigte deur ander getuienis

bevestig is nie. Hierdie argument het werklik

niks om die lyf nie. Die bekentenis word in n

hele aantal wesentlike opsigte gestaaf deur die

getuienis van Betta Pos en van die distriksgenees-

heer. Eerste appellant se advokaat het toegegee

dat/

dat indien hierdie hof sou bevind dat die be-

kentenis wel toelaatbaar is en dat dit in

wesentlike opsigte bevestig word, die verhoorhof

geregtig was om te bevind dat appellant aan ver-

kragting skuldig is.

Wat die skuldigbevinding aan moord

betref, het eerste appellant se advokaat betoog,

dat daar nie bo redelike twyfel bewys is dat hy

die opset gehad het om die oorledene te dood nie.

Ek kan hierdie stelling nie, in die lig van die

volgende feite, aanvaar nie. Eerste appellant het

in sy bekentenis erken dat hy die broekie in die

oorledene se mond geprop het en dat dit nog steeds

in/

in haar mond was toe sy onder die bed in Betta

Pos se slaapkamer ingestoot is. Die distriks-

geneesheer het gevind dat die broekie styf ingedruk

was en dat dit haar tong teen die agterkant van

haar keel vasgedruk het. Hy het ook gesê dat die

oorledene, uiteraard, sou geprobeer het om die ob-

struksie uit haar mond te verwyder. Ek het min

twyfel dat sy gepoog het om dit te doen maar dat

eerste appellant haar verhinder het. En, ten slotte,

eerste appellant het met sy kruisondervraging erken

dat dit gevaarlik is om 'n voorwerp soos 'n broekie

in iemand se mond te prop omdat die persoon aan ver-

smoring kan beswyk. Daar is egter namens hom aan-

gevoer/

gevoer dat hy moontlik nie die betrokke aand besef
het dat dit lewensgevaarlik was nie omdat hy onder
die invloed van drank was. Dit is blote bespiegeling.
Eerste appellant het wel die aand gedrink maar daar is
geen getuienis dat dit hom enigsins nadelig aangetas
het nie. As dit wel so was, kon hy dit by die ver-
hoor gesê het. Soos reeds vermeld, het hy ten tyde
van die verhoor enige betrokkenheid by die voorval
ontken. Om op hierdie punt saam te vat. Daar kán,
na my oordeel, slegs een afleiding gemaak word van
voormelde feite, kumulatief beskou, en dit is dat
eerste appellant terdeë besef en voorsien het dat
die oorledene aan versmoring kon beswyk as hy die

broekie/

broekie in haar mond prop en dat hy, desondanks,
tog daarmee voortgegaan het. Hy het dus, inderdaad,
die opset (in die vorm van dolus eventualis) gehad om
die oorledene te dood. Sy appèl teen die skuldig-
bevinding aan moord moet dus ook afgewys word.

Dit bring my by eerste appellant se
appèl teen die doodvonnis op albei aanklagte. Wat
die doodvonnis op die moordklag betref, is daar namens
hom betoog dat die verhoorhof ten onregte bevind het
dat daar geen versagtende omstandighede is nie. Ek
wys weer eens daarop dat eerste appellant by die
verhoor ontken het dat hy hoegenaamd by die onderhawige
voorval betrokke was. Hy het ook nie na sy skuldig-

bevinding/.....

bevinding enige getuienis van versagtende omstandig-

hede aan die hof voorgelê nie. Sy advokaat het

egter na die volgende faktore, as synde versagtende

omstandighede, verwys, naamlik: (a) dat eerste

appellant ten tyde van die moord ongeveer twintig-en-

n-half jaar oud was; (b) dat hy nie direkte opset gehad

het om te dood nie, maar opset by moontlikheidsbewussyn

(dolus eventualis); en (c) dat hy kort voor die

gebeure dié aand sterk drank gebruik het. Die

verhoorhof het, na deeglike oorweging van elkeen

van hierdie faktore, tot die slotsom gekom dat hulle,

kumulatief geneem, eerste appellant se geestesvermoë

of gemoedstoestand nie dermate beïnvloed het dat

sy /.....

sy daad as minder laakbaar beskou behoort te word

nie. Aangaande die opsetvorm, was die hof van

oordeel dat dit, in die onderhawige omstandighede,

nie per se as 'n versagtende omstandigheid behoort

te geld nie. En wat die gebruik van sterk drank

betref, het die hof tereg bevind dat daar geen ge-

tuienis is dat dit enige noemenswaardige invloed op

hom gehad het nie. Die verhoorhof het by sy be-

oordeling van die vraag of daar versagtende omstandig-

hede is, geen mistasting begaan nie en daar is geen

grond waarop hierdie hof met sy bevinding kan in-

meng nie.

Ek kom vervolgens by eerste appellant

se/

se appèl teen die doodvonnis wat die verhoorregter, kragtens sy diskresie ingevolge artikel 227(1)(c) van die Strafproseswet, ten opsigte van die skuldigbevinding aan verkragting opgelê het. Die verhoorregter het in dié verband gesê:

"By verkragting is die doodvonnis 'n gepaste vonnis, maar deur 'n reeks beslissings in die Appèlhof is dit reeds neergelê dat enige geval, maar veral dan ook by verkragtings waar die Hof 'n diskresie het, die Hof net in uiterste gevalle die doodvonnis sal opsê. Na my mening het ons hier te doen met 'n geval wat as 'n uiterste geval aangemerkt kan word. Die beskuldigdes is albei volwasse manspersone. Hulle het daardie aand langs 'n straat waar mense verbybeweeg en moet verbybeweeg 'n onskuldige kind wat na 'n winkel toe gestuur is deur haar ouers, voorgekeer en haar daar saam in 'n

kamer/

kamer ingevat waar hulle albei haar verkrag het. Nie net dit nie, albei van hulle het saamgewerk terwyl die verkragting plaasgevind het. In die proses is sy weliswaar nie ernstig beseer nie, maar dit is nie die enigste oorweging nie. Sy was 'n kind van nog nie eers 11 jaar oud nie wat kwalik veel weerstand teen die twee beskuldigdes kon bied.

Die beskuldigdes het dit goed gedink om 'n broek in haar mond in te sit, nadat die deure gesluit is en hulle veilig binne die huis was. Die feit dat sy beswyk het, kan ek nie hier in ag neem nie, want dit is die wesenlike element by die moordklag, maar hierdie soort ding dat jong kindertjies wat onskuldig is in die pad voorgekeer word, verkrag word, kan net nie geduld word nie en ek meen dat die tyd gekom het dat 'n mens so nou en dan weer 'n doodvonniss vir verkragting ook moet opleë en ek dink dat hierdie 'n gepaste geval is om die doodvonniss vir die verkragting ook op te lê."

Daar/

Daar is betoog dat die verhoorregter gefouteer het

deur die onderhawige geval as 'n "uiterste geval" te

beskou en dat hy derhalwe nie die doodvonnis moes

opgelê het nie. In die saak Staat v Thsomi en n Ander

1983(3) S A 662(a) op 666 F-G het die Hoofregter ten op-

sigte van 'n soortgelyke betoog daarop gewys dat die frase

"uiterste geval" nie letterlik opgeneem kan word nie en dat

"dit die funksie van die verhoorregter is om te
beslis of die geval voor hom as 'n uiterste geval
beskou moet word of nie en dat hierdie Hof nie
sonder meer sy mening oor die aangeleentheid
vir dié van die Verhoorregter kan substitueer
nie. Die stelling dat die doodstraf
net in uiterste gevalle opgelê kan word, hou
dus, in 'n geval soos die onderhawige, niks
meer in nie as dat 'n Verhoorregter nie die
doodstraf moet oplê nie tensy hy van oordeel
is dat die misdaad van so 'n ernstige aard
is dat die doodstraf die gepaste straf sal wees."

Die onderhawige geval was vanweë die omstandighede waarna

die/

die verhoorregter in bogemelde passasie verwys

beslis 'n besondere ernstige geval van verkragting.

In die lig van daardie feite is ek nie oortuig dat

die verhoorregter sy diskresie verkeerd uitgeoefen

het en dat hierdie hof met die vonnis kan inmeng nie.

Eerste appellant se appèl teen die doodvonnis op

hierdie aanklag word dus ook afgewys.

Ek kom, ten slotte, by die tweede

appellant se appèl. Ek bepaal my, eerstens, by

sy appèl teen die skuldigbevinding en die vonnis

op die moordklag. Daar is geen direkte getuienis

wat tweede appellant met die moord op die oor-

ledene verbind nie. Die staatsaak is op om-

standigheids/.....

standigheidsgetuienis gegrond. Die belangrikste omstandigheid is die feit dat tweede appellant, in 'n verklaring voor landdros Booysen van Kimberley op 25 Augustus 1982, en later ook in sy getuienis by die verhoor, erken het dat hy die oorledene die betrokke aand verkrag het. Hy het egter ontken dat hy enigiets met haar dood te doen gehad het.

Eerste appellant was in baie opsigte 'n onbevredigende getuie. Sy getuienis is in sekere opsigte teenstrydig met sy verklaring; hy het homself by die verhoor ook dikwels weerspreek; en hy het ook klaarblyklik nie altyd die waarheid gepraat nie. Sy weergawe van gebeure die betrokke aand kan,

nietemin/

nietemin, in breë trekke soos volg saamgevat word:

Eerste appellant en drie meisies het die betrokke

aand by sy huis aangekom. Eerste appellant het 'n

kannetjie wyn by hom gehad wat hulle toe daar

uitgedrink het. Later die aand, nadat eerste appellant

en die meisies vertrek het, het hy (tweede appellant)

en Betta Pos langsaan by hulle bure gaan televisie

kyk. Hy het na 'n rukkie na sy huis teruggegaan, om

een of ander iets daar te gaan doen, en hy het eerste

appellant en die oorledene toe langs die huis aan-

getref. Eerste appellant het die oorledene aan

haar nek beetgehad. Hy het te kenne gegee dat hy

'n plek seek om met haar gemeenskap te hê. Tweede

appellant/

appellant het gesê dat hy sy huis hiervoor kon ge-

bruik maar dat hy dan eerste met die oorledene ge-

meenskap wou hê. So gesê, so gedaan. Hulle

is in die huis in. Tweede appellant het die voor-

en agterdeur gesluit sodat sy huismense nie onverwags

op hulle kon afkom nie. Daarna het eerste appellant

die oorledene gedwing om op die kombuisvloer op haar

rug te lê, en terwyl hy toe haar keel toedruk, sodat

sy nie kon skree nie, het tweede appellant haar

broekie afgetrek en haar verkrag.

Hy is onmiddellik daarna weer na die

bure waar Betta Pos nog steeds besig was om televisie

te kyk. Hy besluit toe om weer terug te gaan huis-

toe/

toe en toe hy daar kom, kom eerste appellant net

by die deur uit. Op sy vraag waar die oorledene is,

het eerste appellant gesê dat sy reeds weg is. Tweede

appellant het toe weer na die bure gegaan en daar ge-

bly totdat hy en Betta Pos later saam teruggekom en

gaan slaap het. Die volgende middag, terwyl hy by

die voetbalveld was, het hy 'n boodskap gekry om

dadelik huis toe te kom. Toe hy daar kom is die

oorledene se lyk onder 'n bed in een van die

slaapkamers aan hom uitgewys. Tweede appellant

het verder gesê dat die oorledene se broekie nie die

aand in sy teenwoordigheid in haar mond geprop is

nie, en dat hy ook nie weet hoe dit gebeur het dat

haar lyk onder die bed in die slaapkamer beland

het/

het nie.

Hoewel tweede appellant, soos ek reeds gesê het, nie as 'n geloofwaardige getuie beskou kan word nie, kan dit, na my oordeel, nogtans nie gesê word dat sy relaas nie redelik, moontlik waar is nie. Dit word veral in een opsig deur Betta Pos bevestig, naamlik, dat sy en tweede appellant dié aand saam by die huis van hulle bure televisie gekyk het, dat hy in een stadium gedurende die aand, daar weg is om iets by die huis te gaan doen, en dat hy na 'n kort rukkie weer teruggekom het. Dit is heeltemal te rym met tweede appellant se bewering dat hy by eerste appellant daarop aangedring het om eerste

met/

met oorledene gemeenskap te hê en dat hy dadelik
daarna weer terug is na die bure. Tweede appellant
se ontkenning dat hy by was toe die broekie in die
oorledene se mond geprop was, strook ook heeltemal
met sy beskrywing van die gebeure. Toe hý met die
oorledene gemeenskap gehad het, sou dit nie nodig
gewees het om iets in haar mond te prop nie want eerste
appellant het hom, na bewering, bygestaan en haar keel
toegedruk sodat sy nie kon skree nie. Dit sou moontlik
ook verklaar waarom eerste appellant dit nodig gevind
het om die broekie in die oorledene se mond te prop
toe hý met haar gemeenskap gehad het. Volgens
tweede appellant se relaas was hy toe reeds op pad
terug/

terug na die bure en was daar dus niemand om
eerste appellant te help om die oorledene se keel
toe te druk nie.

Die Staat het, na my oordeel, nie bo
redelike twyfel bewys dat die broekie in die oor-
ledene se mond geprop is met die medewete en goed-
keuring van tweede appellant nie. Die bewese feite
sluit nie die redelike afleiding uit nie dat dit
gebeur het nadat hy die oorledene verkrag het en dat
hy nie daarvan geweet het of iets daarmee te doen
gehad het nie. Dit volg, derhalwe, dat daar nie
afdoende bewys van tweede appellant se beweerde
aandadigheid aan die moord op die oorledene is nie.

Sy/

Sy appèl teen die skuldigbevinding en vonnis op

hierdie klagte moet dus slaag.

Wat die appèl teen die doodvonnis op

die aanklag van verkragting betref, verskil tweede

appellant se posisie nie wesentlik van dié van

eerste appellant nie. Tweede appellant se appèl

word om dieselfde redes afgewys.

Om saam te vat:

(a) Eerste appellant se appèl teen sy skuldig-

bevinding en vonnis op beide aanklagte word afgewys.

(b) Tweede appellant se appèl teen sy skuldig-

bevinding en vonnis op die aanklag van moord slaag

maar/

maar sy appèl teen die vonnis op die aanklag van

verkragting word afgewys.

TRENGOVE, AR

CILLIÉ AR)
) STEM SAAM
VAN HEERDEN AR)